Algemene Vrae (AV)

# OPNAME OOR LANDBOUSAKE-INNOVERING 2016 - 2018

## VIR 'N MEER INNOVERENDE SUID-AFRIKA

*BOERDERY, BOSBOU EN DIE VISSERSBEDRYF INGESLUIT

U maatskappy is gekies om aan die Suid-Afrikaanse Opname oor Landbousake-innovering (2016-2018) deel te neem. Enige vrae? Ons sal probeer om hulle hier te beantwoord. U kan ons ook skakel, 'n e-pos stuur, of u vrae aanlyn vra.

**U vrae tel.**


Skakel Natasha Saunders, Koördineerder: Innoveringsopnamespilpunt
021 466 8000

E-pos innovation@hsrc.ac.za

Webwerf sabizinnovationsurvey.blog




science & technology
Department: Science and Technology REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

HSRC Human Sciences Research Council

STATS SA STATISTICS SOUTH AFRICA

# IN HIERDIE AV


**OPNAMEDOELWIT | 3**

Wat is die doel van die Opname oor Landbousake-innovering?

**U MAATSKAPPY SE DEELNAME | 4**

Waarom is my maatskappy gekies om aan hierdie rondte van die Opname deel te neem?

Watter voordeel sal deelname aan die Opname vir my besigheid inhou?

Sal my maatskappy se deelname bydra tot 'n nasionale perspektief op innovering in Suid-Afrika?

Is daar iemand in die Opnamespan wat in my huistaal kan kommunikeer?

Ek sou verkies om die vraelys elektronies in te vul. Hoe kan ek dit doen?

Hoe sal my maatskappy se data bestuur word?

**WAT MEET ONS | 5**

DIE DEFINISIE VAN INNOVERING | 5

Wat is die verskillende soorte innovering wat deur die Opname gemeet word?

Wat maak van 'n produk of sakeaktiwiteit 'n "innovering"?

Wanneer behoort 'n innovering aan 'n onderneming?

Wat is 'n firma se "innoveringsbesteding"?

PRODUKINNOVERING | 6

Wat is 'n produkinnovering ?

Voorbeelde van produkinnoverings wat met goedere en dienste in die nywerheid- en dienstesektore verband hou

Wat word NIE as 'n produkinnovering beskou NIE?

PROSESINNOVERING | 7

Wat is 'n prosesinnovering ?

Voorbeelde van prosesinnoverings per sektor

Wat word NIE as 'n prosesinnovering beskou NIE?

ORGANISATORIESE INNOVERING | 8

Wat is 'n organisatoriese innovering?

Voorbeelde van organisatoriese innoverings

Wat word NIE as 'n organisatoriese innovering beskou NIE?

BEMARKINGSINNOVERING | 8

Wat is 'n bemarkingsinnovering?

Voorbeelde van bemarkingsinnovering

Wat word NIE as 'n bemarkingsinnovering beskou NIE?

**ONS BLOG OOR DIE OPNAME | 8**

## Wat is die doel van die Opname oor Landbousake-innovering?

Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, in opdrag van die Departement van Wetenskap en Tegnologie, doen die Opname oor Landbousake-innovering **met die doel om 'n internasionaal-vergelykbare verslag oor innoveringsaktiwiteite in Suid-Afrikaanse landbou (boerdery, bosbou en die vissersbedryf ingesluit) saam te stel**. Die uitslag van die opname sal 'n belangrike rol speel in die beleidvorming vir tegnologie, innovering en ekonomiese ontwikkeling.



**Waarom is my maatskappy gekies om aan hierdie rondte van die Opname deel te neem?**

Statistiek Suid-Afrika het 'n lukrake steekproef van 1 690 landboufirmas uit die sakeregister getrek, in ooreenstemming met sy ooreenkoms oor amptelike nasionale statistiek met die Departement van Wetenskap en Tegnologie – en u firma was gekies. Die steekproef bestaan uit 'n verskeidenheid besighede, van baie klein tot baie groot firmas, wat in die landbousektore sake bedryf. Subsektore wat deur die opname gedek word, sluit in: landbou (gewasse, wynmakerye, vee en pluimvee), bosbou en die vissersbedryf.

**Watter voordeel sal deelname aan die Opname vir my besigheid inhou?**

As 'n bron van sake-intelligensie kan die Opname se uitslae gebruik word om u maatskappy se innoveringsaktiwiteite teen ander landboufirmas in u sektor, nasionaal en internasionaal, te beoordeel. Nog 'n voordeel van deelname is die geleentheid wat dit bied vir 'n interne hersiening van moontlike sakeontwikkelingsareas wat dalk andersins nie verken sou word nie. Die uitslae van vorige Suid-Afrikaanse innoveringsopnames is aanlyn beskikbaar (http://www.hsrc.ac.za/en/departments/cestii/latest-results).

**Watter voordeel hou my maatskappy se deelname aan die Opname vir Suid-Afrika in?**

Nasionale sake-innoveringsopnames bied 'n noodsaaklike bron van data vir beleidvorming op grond van bewyse, vir toenemende inklusiewe ekonomiese groei en mededingendheid. Dit is die eerste keer dat Suid-Afrika innovering in landbou-ondernemings sal meet, wat 'n belangrike gaping vul.

**Is daar iemand in die Opnamespan wat in my huistaal kan kommunikeer?**

Ons navorsingsassistente staan reg om die vrae, opmerkings of kwessies van Opnamerespondente te hanteer. Sou u die behoefte hê om in u huistaal met een van die navorsingsassistente te praat, sal hulle u graag in een van Suid-Afrika se amptelike nasionale tale van hulp wees.

**Ek sou verkies om die ingevulde vraelys uit te druk en dit per pos terug te stuur. Hoe kan ek dit doen?**

Indien u u reaksie op die opname per pos wil stuur, stel asseblief een van ons navorsingsassistente in kennis. 'n Sake-antwoordkoevert sal aan u fisiese adres gestuur word, wat u dan kan gebruik om u vraelys aan ons terug te stuur. Of u kan die vraelys stuur na: Sentrum vir Wetenskap, Tegnologie en Innoveringsaanduiders<br>Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing<br>Opname oor Landbousake-innovering 2016 - 2018<br>Posbus 15200<br>Vlaeberg 8018

**Ek sou verkies om die vraelys elektronies in te vul. Hoe doen ek dit?**

Die Opnamevraelys kan aanlyn ingevul en ingedien word, asook via 'n Adobe Acrobat-vorm wat u kan stoor en aan ons e-pos. Die aanlynwerktuig stel respondente in staat om vordering te stoor en later terug te keer m.b.v. 'n 'Return Code', wat outomaties uitgereik sal word wanneer u dit stoor.

Indien u enige probleme met die indien van u firma se reaksie op die opname ervaar, kontak asseblief innovation@hsrc.ac.za.

**Hoe sal my maatskappy se data bestuur word?**

Vraelyste word in beveiligde vertrekke geberg en vasgelegde data word op die beveiligde bedieners op die persele van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing in Pretoria en Kaapstad, Suid-Afrika, gestoor. Alle personeel wat aan die opname werk, het streng vertroulikheidsoorkomste ten opsigte van die data onderteken. U maatskappy se besonderhede en firma-spesifieke data sal nie aan enige derde party bekend gemaak word nie.

## DIE DEFINISIE VAN INNOVERING

**Watter verskillende soorte innovering word deur die Opname gemeet?**

Die Suid-Afrikaanse Opname oor Landbousake-innovering erken vier soorte innovering in firmas: **1. Produkinnovering (goedere en dienste); 2. Prosesinnovering; 3. Organisatoriese innovering; 4. Bemarkingsinnovering.** Hierdie afdeling van die AV voorsien gedetailleerde verduidelikings en voorbeelde van elk, asook voorbeelde van goed in elke kategorie wat nie as innoverings beskou word nie.

**Wat maak van 'n produk of sakeaktiwiteit 'n "innovering"?**

Die meeste mense sien 'n innovering as iets wat nog nooit voorheen bestaan het nie. Twee kriteria is belangrik in die omskrywing van 'n innovering: **1. Verteenwoordig die produk of aktiwiteit beduidende verandering of verbetering?** EN/OF **2. Is die aktwiteit of produk nuut in die firma?** Indien die verandering aan albei hierdie kriteria voldoen, kan dit as 'n innovering beskou word. 'n Verandering kan dalk 'n innovering vir een firma wees, terwyl dieselfde verandering nie 'n innovering vir 'n ander firma is nie. Met die beantwoording van die Opname oor Landbousake-innovering, moet elke firma self besluit of 'n spesifieke verandering nuut is vir die firma en of die produk, proses of diens beduidend verbeter het.

**Wanneer "behoort" 'n innovering aan 'n onderneming?**

1. Indien 'n onderneming sy eie beduidende veranderinge intern ontwikkel en in werking gestel het.
2. Indien die onderneming sy bestaande produkte, prosesse, dienste, metodes of leweringsprosesse beduidend verbeter of verander het, hetsy deur interne ontwikkeling of deur 'n nuwe idee uit eksterne bronne bekend te stel.
3. Indien 'n onderneming 'n nuwe of beduidend verbeterde verandering in werking gestel het, wat dalk iewers anders ontstaan het, soos by die hoofkantoor of 'n filiaalmaatskappy, ander maatskappy, sektor of land.

## PRODUKINNOVERING

| | | |
|---|---|---|
| Wat is 'n produk-innovering? | Produkinnovering verwys na goedere en dienste. Wanneer goedere of dienste by die firma bekendgestel word **wat nuut is vir daardie firma** OF **beduidende verbetering toon ten opsigte van die vermoëns of beplande gebruike**, verteenwoordig die verandering 'n produkinnovering. 'n Produkinnovering kan beduidende veranderinge in tegniese spesifikasies, komponente en materiale, geïnkorporeerde programmatuur, gebruikerservaring, of ander funksionele kenmerke van die goedere of dienste insluit. | |
| Voorbeelde van produk-innoverings wat met goedere en dienste in die landbou-sektor verband hou | **GOEDERE**<br>- Pasgemaakte sakeprogrammatuur (bv. plaasbestuursprogrammatuur)<br>- Ekovriendelike produkte se insluiting in produkreekse<br>- Outomatiese snymasjiene<br>- Nuwe variante van hout, meubels, of papier<br>- Nuwe wynversnitte<br>- Droogtebestande sade<br>- Produkte met langer raklewe<br>- Bio-energie of bio-brandstowwe | **DIENSTE**<br>- Nuwe slimfoontoepassings<br>- Nuwe logistieke dienste<br>- Aanlynverkope of direkte verkope aan endgebruikers<br>- Nuwe soorte produksertifiseringsdienste<br>- Kombinering van oplossings, soos tegniese en konsultantdienste<br>- Instel van verlengde waarborge op nuwe of gebruikte produkte<br>- Afstandonderhoud op programmatuur<br>- Nuwe inligtings-tegnologietoepassings vir kliëntediens |
| Wat word NIE as 'n produk-innovering beskou NIE? | - Ontwerpveranderinge wat nie die funksie of tegniese kenmerke van goedere of dienste verander nie.<br>- Roetineverbetering (opgradering) of 'n klein verandering of verbetering.<br>- Pasgemaakte diens/produk vir 'n enkele kliënt wat nie beduidend verskillende kenmerke insluit vergeleke met produkte wat vir ander kliënte gemaak word nie. | |

## PROSESINNOVERING

**Wat is 'n prosesinnovering?**

'n Prosesinnovering hou verband met verbeteringe in produksiemetodes, leweringsmetodes of verspreidingsmetodes. Vir hierdie prosesverbeteringe om as innoverings beskou te word, **moet dit nuut wees vir die firma** OF **beduidend verbeter wees**. Hierdie beduidende veranderinge sluit in daardie wat verband hou met spesifieke tegnieke, toerusting en/of programmatuur, veranderinge wat daarop gemik is om die gehalte, doeltreffendheid of buigsaamheid van 'n produksie- of voorsieningsaktiwiteit, of logistiek, te verbeter, of veranderinge wat omgewings- of veiligheidsgevare verminder.

**Voorbeelde van prosesinnoverings per sektor**

- Voorspellende data-ontledings
- Bekendstelling van programmatuur om optimale boerderybedrywighede te identifiseer (bv. 'slim'-besproeiing)
- Nuwe of verbeterde programmatuur of roetines vir aankope, boekhouding of onderhoudstelsels
- Robotika en sensors
- Vertikale boerdery, mikroboerdery, hidroponika
- Geoutomatiseerde verpakking
- Gerekenariseerde toerusting vir gehaltebeheer van produksie
- Kartering met behulp van robotvliegtuie
- 'Slim'-boorgate
- Installasie van geoutomatiseerde vragmotors en boormasjiene
- Radiofrekwensie-identiteitsplaatjies

**Wat word NIE as 'n prosesinnovering beskou NIE?**

- 'n Verhoging in produksie- of diensvermoëns deur die byvoeg van vervaardigings- of logistieke stelsels soortgelyk aan dié wat reeds in gebruik is.

## ORGANISATORIESE INNOVERING

| | |
|---|---|
| **Wat is 'n organisatoriese innovering?** | 'n Organisatoriese innovering is daarop gemik om die firma se innoveringsvermoë of prestasiekenmerke beduidend te verbeter. Dit kan beduidende veranderinge in die organisasie van die werkplek, sakepraktyke of eksterne verhoudings wat in die firma in werking gestel word, omvat. |
| **Voorbeelde van organisatoriese innoverings** | - 'n Vermindering in die aantal bestuursvlakke om groter buigsaamheid met besluitneming te skep.<br>- Geïntegreerde moniteringstelsels vir firma-aktiwiteite (bv. produksie, finansies, strategie of bemarking).<br>- Die bekendstelling van 'n organisatoriese afdeling om nuwe produkontwikkeling op 'n spesifieke gebied te ondersteun. |
| **Wat word NIE as 'n organisatoriese innovering beskou NIE?** | - Veranderinge in bestuurstrategie wat nie aan beduidende organisatoriese verandering gekoppel is nie.<br>- Bekendstelling van nuwe tegnologie met beperkte voordele of wat tot 'n klein afdeling van die firma beperk is. |

## BEMARKINGSINNOVERING

| | |
|---|---|
| **Wat is 'n bemarkingsinnovering?** | Die inwerkingstelling van 'n beduidende verandering in verkoops- en bemarkingsmetodes sou as bemarkingsinnovering kwalifiseer. "Beduidend" sou verbeterde voorkoms en verpakking, wat daarop gemik is om produkaantrekkingskrag en/of verbruikersbewussyn te verhoog, insluit. |
| **Voorbeelde van bemarkingsinnovering** | - Saamgroepering van bestaande goedere of dienste op nuwe maniere om tot marksegmente te spreek. |
| **Wat word NIE as 'n bemarkingsinnovering beskou NIE?** | - Roetine- of seisoenale veranderings<br>- Klein bywerkings in die voorkoms van verpakking<br>- Advertensies, tensy dit gegrond is op die gebruik van nuwe media, of 'n nuwe advertensietegniek |

As u meer wil weet oor innoveringsmeting in Suid-Afrika, of met ons tegniese span in interaksie wil tree, besoek ons blog

**sabizinnovationsurvey.blog**

U kan ook aansluit by ons Vriende van die Sake-innoveringsopname se poslys

**http://eepurl.com/cZYI0n**

**@BizInnovationSA**